

## **Skriflesing**

Matt 27:45-56

Tema: **God het Jesus Christus verlaat ter wille van ons.**

Watter ouer wat sy kind liefhet, sal sy rug op hom of haar keer en besluit om niks met sy kind te doen te hê nie? Dit is ondenkbaar. Dit gebeur net nie. 'n Liefdevolle ouer sal alles binne sy vermoë doen om die verhouding met sy kind reg te hou of reg te maak. Hoeveel vreugde is daar nie wanneer die verhouding herstel of wanneer 'n verlore kind weer gevind word en huis toe kom nie!?

Ons weet dat God die Vader Sy enigste Seun oneindig liefhet. Tog het Hy Sy rug op Hom gekeer. Waarom het Hy dit gedoen?

Daar is net een verstommende lewensveranderende antwoord: ...

### **God het Jesus Christus verlaat ter wille van ons as sondaarmense.**

Die vierde kruiswoord weerklink: "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Die Mens Jesus was nou volkome oorgelewer in die hande van Sy vyande. Hy sou Homself nie uit hul hande bevry nie, al kon Hy. Ook die Vader sou Hom nie uit hul hande bevry nie, al kon Hy.

Van nou af het Hy alleen gestaan. Geen stem uit die hemel sou Hom meer bemoedig nie. Geen engel sou Hom bystaan en Hom vertroos nie. Die hemel is vir Hom toegemaak, dig gegendel.

Die Vader het Homself totaal van Sy Seun Jesus Christus onttrek. Hy was geheel en al op sy eie ... ja ... stoksielsalig alleen. Sonder God sy Vader, dít is die ergste alleenheid wat daar kan wees, het Jesus onuitspreeklike ang, smart en verskrikking gelei.

Dit wat hier gebeur het, was 'n bewys van God se liefde vir ons en sy toorn en woede oor ons sonde.

Uit liefde vir ons as sondaars het God Sy eie Seun die Lam van God gemaak wat die sonde van die wêreld wegneem. Vir een maal moes die sondelose mens die volle gloed van God se toorn en straf oor my en jou sonde dra om ons verewig van sonde en dood te bevry.

Daarom was Hy alleen daar aan die kruis - sonder Sy Vader.

Uit liefde vir ons neem Hy ons sonde en dood op Hom en sterf Hy in ons plek. Uit liefde vir God is Hy besig om God se wil uit te voer. "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Lyding in die ergste graad...

Lydung en dood ... in my en jou plek en vir my en jou.

Die Seun van God is eenmaal deur God verlaat sodat ons nooit weer deur God verlaat sal word nie.

Ons lees in Matt 27 van 5 bonatuurlike tekens wat help dat ons die intensiteit en die betekenis van die kruisdood beter verstaan.

### **Die eerste teken van sy Godverlatenheid was duisternis.**

Vir drie ure lank was daar duisternis. Christus het die stryd aangeknoop teen die bose magte van die duisternis. Hy het hulle tegemoet gegaan op hul eie terrein. Gedurende hierdie stryd tussen Christus en die bose magte was daar geen teken van God se genadelig wat deurgebreek het nie. Dit het gelyk of die Lig vir die wêreld geblus is. Alles was pikdonker swart nag.

**Die volgende teken wat plaasgevind het, was God wat die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middel deur laat skeur het.**

Só is die skeiding tussen die heilige en die allerheiligste in die tempel weggeneem. Voorheen kon net die hoëpriester een maal per jaar in die allerheiligste kom om versoening vir die sondes van die volk te doen. Niemand anders kon sien wat daar gebeur nie. Niemand anders kon naby God kom nie. Die taal van die voorhangsel was: Geen toegang tot God.

Nou het Christus die prys vir ons sonde betaal. Hy het versoening tussen God en mens kom bewerk. Hy het die sondeskeiding tussen God en mens weggeneem. God het nou 'n oop-deur-beleid. Van nou af is daar vir elkeen van ons as Sy kinders enige tyd, enige plek en soveel as wat ons wil, deur Christus, direkte toegang tot God.

**God het die aarde laat bewe en rotse het uitmekaar gebars.**

Die hele aarde het gesidder en swaargekry weens die mens se sondeskuld. Toe die mens nie sy skuld kon of wou raaksien nie, het die skepping gewys hoe erg dit regtig is.

**God het ook die dooies opgewek.**

Die Seun van God gaan die doderyk in sodat ek en jy uit die doderyk kan uitgaan! Hierdie teken van die dooies wat opgewek is, het vooruit gewys dat alle gelowiges, ook ek en jy, in Christus gaan opstaan uit die dood. Sy dood het vir ons die lewe gebring ... Uit ons duisternis, kom Sy lig... en daardie lig is die lewe wat Hy vir ons bewerk.

Die hoogtepunt van die Markus evangelie is as geharde soldate, manne wat daagliks met dood te doen gehad het en self doodgemaak het, bang word en sê: "Hierdie man was werklik die Seun van God."

Gehard, maar ... nooit té hard vir God nie.

Ek vra weer: Watter ouer wat sy kind liefhet sal die rug op hom of haar keer en besluit om niks met sy kind te doen te hê nie? Dit is ondenkbaar, dit gebeur net nie. 'n Liefdevolle ouer sal alles binne sy vermoë doen om die verhouding met sy kind reg te hou of reg te maak.

Ons weet dat God die Vader Sy enigste Seun oneindig liefhet. Tog het Hy Sy rug op Hom gekeer. Waarom het God dit gedoen? Daar is net een verstommende lewensveranderende antwoord ...

**God het Jesus Christus verlaat ter wille van ons as sondaarmense.** Hy doen dit sodat ons nooit weer die magte van die duisternis hoef te vrees nie, ons altyd en oral vrye toegang tot God het en ons as oorwinnaars oor sonde en dood kan lewe.

**Amen**